

## AGTERGRONDSINLIGTING OOR DIE NG GEMEENTE PE-SENTRAAL / ANCHOR OF HOPE

Danie Mouton, Desember 2013

### 1. STIGTING VAN DIE GEMEENTE

Die NG Kerk Port Elizabeth-Sentraal is in 1924 gestig. Dit is die tweede oudste gemeente van die NG Kerk in Port Elizabeth. Die moedergemeente in die stad is in 1907 gestig.

Hierdie kaart gee 'n aanduiding van die omgewing. Die kerkgebou is op die hoek van Campbell- en Edwardstraat in Richmond Hill:

<https://www.google.com/maps/preview#!data=!1m4!1m3!1d14823!2d25.5998797!3d-33.9592527>

### 2. PORT ELIZABETH AS TUISTE VIR AFRIKANERS

Port Elizabeth en Uitenhage (die ou Britse administratiewe sentrum van die Oostelike gedeelte van die Kaapprovinsie) het in 1900 'n bevolking van minder as 50,000 mense gehad. In die eerste dekades van die 20ste eeu is met die konstruksie van motors in Port Elizabeth-Uitenhage begin, wat veroorsaak het dat baie (veral) blouboortjiewerkers nodig was. Met die ekonomiese gevolge van die Groot Depressie, boerderytoestande en verarming onder Afrikaners, het 'n groot hoeveelheid Afrikaners ook na Port Elizabeth gestroom. Dié beweging was deel van die landswye verstedeliking van die Afrikaner in die eerste helfte van die 20ste eeu.

Baie Afrikaners het in haglike omstandighede in dele van die stad gewoon.

### 3. KRIMPING VAN GEMEENTEGETALLE

Sedert die 1980's is daar 'n konstante migrasie van persone uit die middelklas en hoër uit die woonbuurte van die sentrale middestad na voorstede. Waar PE-Sentraal vir dekades twee predikante gehad het, het die gemeente later net een predikant gehad. Ds Gilliam Noeth (noemnaam Gillie), die huidige leraar, is in 1993 in die gemeente georden. Hy was 'n proponent was pas afgestudeer het. Dit is sy eerste gemeente.

Terwyl die getal NG lidmate in die omgewing minder geword het, het die inwoners van die omgewing eerder waarskynlik vermeerder. Sedert die koms van demokrasie, en die oopgaan van SA as gesogte bestemming vir mense uit Afrikalande wat hier 'n beter lewe kom soek, het veral Afrika-immigrante hulle hier kom vestig.

Die aantal Xhosasprekendes, veral jong studente, het ook toegeneem. Aangesien die huise en woonstelle ouer en kleiner is, en dit nie 'n gesogte middelklasgebied is nie, is behuising goedkoper.

Die Russelweg-Kollege is ook in die gemeente se omgewing. Die kampusse van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit is ook maklik met hoofweë bereikbaar vanuit die omgewing.

### 4. WENDING IN DIE BEDIENING VAN DS NOETH

Gillie is teologies evangelikaal.

Vir die eerste 15 jaar van sy bediening was hy daarop ingestel om 'n goeie, Bybelse gemeente te lei. Die kerklike tug is streng toegepas, en daar was 'n sterk bediening aan lidmate deur die EE III program.

Gegewe sy evangelikale agtergrond, het Gillie baie lank reeds die behoefte gehad om ook na die gemeenskap uit te reik. Sedert 2008 het die gemeente begin om Bybels te versprei onder die immigrante van die area.

Die gemeente het ook 'n vennootskap gevorm met pastoor Robert Bagna, uit Ghana, wat sedert 2007 eredienste vir Noord-Afrikane in die gemeente se kerksaal gehou het. Dit is as 'n strategiese vennootskap gesien, sodat bekeerlinge of belangstellendes uit die Afrika-immigrante hier geestelik versorg kan word.

In my weeklikse sinodale enuusbrief. OosKaap eNuus, vertel ek op 26 November 2007 die volgende:

PE-Sentraal gemeente huisves 'n ontwikkelende gemeente onder Noord-Afrikane in hul kerksaal. Hierdie bediening groei sterk en hulle het ook geestelike bande met hierdie gemeente, wat graag 'n NG Gemeente wil word. Verder doen Sentraal Bybelverspreiding onder die Nigeriërs e.s.m. Daar is niks romanties hieraan nie, hoor. Dis Bybelverspreiding onder dwelmrapokkers, straatmouse van al wat afbrekend is, skurke en soortgelyke rakkers. Maar die gemeente weet dat die gedokumenteerde geskiedenis van God se werk op hierdie aarde die hoop vir die wêreld is.

Gillie Noeth, dominee, vertel hoe groot die behoefte aan die Bybel is. Die skadukarakters wil dit graag hê, staan tou daarvoor, kan nie wag vir 'n nuwe besending nie. Vir my is die mooiste amper toe Gillie sê: En weet jy hoeveel energie en vreugde is daar nou in ons gemeente? Al die jare toe ons net probeer het om 'n goeie kerk te wees wat Woord, sakramente en tug ernstig na binne opgeneem het, het ons nie soveel vreugde beleef nie. Ons beker loop nou oor – noudat ons ons geloof op 'n eenvoudige manier doen.

In my weeklikse sinodale enuusbrief, OosKaap eNuus van 22 Mei 2008, vertel ek die ontluikende verhaal in groter detail. Hierdie verhaal kom uit die tyd van xenofobiese aanvalle in SA:

### **Xenofobie? Die verhaal van 'n ontluikende bediening aan vreemdelinge**

Die NG Kerk PE-Sentraal is reeds vir jare besig met evangelisasie. Vir baie jare was hierdie werk gerig op die onbetrokke lidmate van die gemeente. Dit het beperkte vrug gehad.

Oor 'n lang tyd het die oortuiging gegroei om met die evangelie uit te reik na die gemeenskap. Die woonbuurt PE-Sentraal huisves 'n mengelmoes van kulture - baie Xhosaspreekendes - maar is veral bekend vir die groot hoeveelhede vreemdelinge wat hier versamel. Nigeriërs, Ghanese, Zimbabwiërs, Somaliërs, Keniane, om 'n paar te noem. Terwyl die kerk in 'n rustiger deel van die woonbuurt geleë is, is daar dele waar lewendige nagklubs funksioneer, met die gepaardgaande dwelmhandel en prostitusie. Baie van die uitlanders word daarvan verdink dat hulle by dwelmhandel betrokke is.

Volgens ds Gillie Noeth was die gemeente verras met die honger na die evangelie onder hierdie groepe. Hoe gevaarlik die woonbuurt ook al is, maak mense van alle kleure sonder skroom hul deure oop vir blanke NG lidmate wat aandui dat hulle oor die Here wil gesels en die evangelie wil deel. Met vrymoedigheid word op straat gesprekke met lidmate aangeknoop en stringe geestelike vrae gevra en beantwoord.

Die vreemdelinge het 'n sterk behoefte aan Bybels. Die gemeente versprei groot hoeveelhede Bybels, selfs al maak hulle seker dat die persoon werklik die Bybel wil lees. Daar is 'n sterk behoefte aan spesifiek Engelse Bybels.

As deel van die uitreik-aksie het nege Nigeriërs tot bekering gekom. Toe gebeur 'n vreemde ding. Die gemeente stel sy kerksaal tot beskikking van ds Robert Bagna, 'n Ghanese, wat 'n gemeente bedien gerig op uitlanders (ek het 'n onderhoud met hom gevoer wat in die volgende Kruisgewys verskyn). Die plan was dat die Nigeriërs in hierdie gemeente geestelik versorg sou word. Hulle wou egter nie. Vier het by die

dissipelskap-program ingeskakel, maar dring daarop aan om deel van die tradisionele NG Gemeente te wees. Hulle woon ook eredienste by, sodat die gemeente nou van lewendige tolke gebruik maak wat agter in die kerk sit en tolk terwyl die erediens aan die gang is.

Een van die Nigeriërs, Christian, ontluik as geestelike leier en begin met Bybelstudies deur die week 'n entjie van die kerk af. Hy en sy groeiende groep woon egter steeds PE-Sentraal se eredienste by.

Volgens Gillie kan die gemeente hulle nie indink dat hulle moet terugkeer na die tyd voor hulle die gemeenskap begin bedien het nie. As mens eers die geestelike honger gesien het, as jy die vreugde van die deel van die evangelie oor grense begin smaak, as mense oor grense die Here saam begin dien, kom daar soveel diepte en vervulling - hoe kan jy teruggaan?

### **Hoe nege Nigeriërs in 'n NG kerkgebou tot bekering gekom het**

Hoe lei mens nege Nigeriërs na die Here? Hier is Gillie Noeth en PE-Sentraal se resep: jy bou verhoudinge met die gemeenskap, wat in hierdie geval Nigeriërs, meestal (?) dwelmhandelaars van beroep, insluit. Jy ontmoet hulle in die aande op straat (die gemeente reik Dinsdag- en Vrydagaande uit), jy klop aan hulle deure, jy gee vir hulle Bybels, jy luister na hulle.

Jy maak vriende met geestelike leiers wat hulle bedien, soos Robert Bagna, Ghanese pastoor, en jy laat hulle verniet in jou kerksaal kerk hou.

Nou maak jy planne, saam met jou kruiskulturele vriende, om die gemeenskap en die evangelie bymekaar uit te bring. In hierdie geval besluit julle om die NG Kerk te gebruik om die fliék *The cross and the switchblade* te vertoon. Die gemeenskap kom, want hulle ken jou en vertrou jou vriende.

Na die fliék maak jy 'n oproep - wie wil hul lewens vir die Here gee. Wel, en toe reageer nege Nigeriërs.

Dan bid jy vurig dat die bekering sal hou. Jy stel 'n dissipelskap-program in aksie, soos - sê nou maar - die Alpha-kursus. En jy bid nogmaals.

In Gillie-hulle se geval het vier van die nege "lidmate" van die gemeente geword.

En dan herhaal jy die siklus met aanpassings op grond van alles wat jy in die eerste rondte geleer het.

### **Gesamentlike kruiskulturele Pinkster**

PE-Sentraal en pastoor Robert Bagna het saamgespan om 'n gesamentlike, kruiskulturele Pinkster aan te bied. Die gemeenskap is ook hierheen genooi. Die Pinksterweek, wat in hulle geval pas verby is, het bestaan uit die Alpha-kursus wat oor 11 aande aangebied is. Sowat 60-70 mense het dit bygewoon.

Die Pinkster het ook vir 'n ander vennoot, Schalk van Niekerk, wat uitreik na haweloses in die gebied, 'n geestelike hawe gebied waarheen hy mense kon bring. Twee meisies, wat in die proses is om te breek met prostitusie, het die Alpha-Pinkster bygewoon. 'n Derde eertydse prostituut het ook geestelike ondersteuning gevind.

Schalk is ook nie die enigste vennoot wat baat vind by die ontluikende multi-kulturele bediening nie. 'n NG-lidmaat wat 'n dagsorgsentrum bedryf, het talle ouers genooi na die Alpha-Pinkster. Uiteraard, soos feitlik alles in Sentraal, is die ouers ook uit alle bevolkingsgroepe.

### **Probleme? Probleme!**

Terwyl ek luister hoe Gillie al dié dinge vertel, begin ek wonder watter probleme daar alles was of is. Dit klink so maklik

'n Paar van die probleme kan ek sommer self raaksien. Om NG mense sover te kry om die straat te vat oor grense heen na ander kulture. Om 'n tolkery tydens die erediens te organiseer. Om die fynere nuanses van ander kulturele te leer ken.

Ja, sê Gillie, moenie die druk van die gevestigde gemeenskap rondom jou kerksaal waar uitlanders begin kerk hou, onderskat nie. Dit is bedreigend vir mense as dit gebeur. Ons kry nog gereeld - na 'n paar jaar reeds verloop het - weeklikse oproepe om oor hierdie feit te kla. Mense het ons al geld aangebied - dieselfde huurgeld as wat die uitlanders vir die saal betaal - as ons hulle daar uitsit. Probleem is natuurlik, lag hy, dat ons die saal verniet vir hulle gebruik beskikbaar stel. Toe die opstandige gemeenskapslede dit hoor, was die kommentaar: "Tipies NG Kerk!" Ons hoor dit as 'n kompliment.

'n Ewe pynlike ervaring is die gesteldheid op die gebruik van Afrikaans tydens bv. eredienste. Selfs lidmate van wie mens dit nie sou verwag nie, voel dat Afrikaans oral bedreig word, en nou in hulle kerk ook. Hoekom moet hier bv. van 'n Engelse Skriflesing gebruik gemaak word ter wille van vreemdelinge, terwyl ons taal onder druk is? Mense sukkel om in te koop op die gedagte dat die evangelie so 'n "prys" van jou vra.

Dan lag Gillie as hy onthou hoe Engels-praat tydens die uitreik-aksie 'n groot probleem was vir die "boere". Dit het regtig 'n ruk gevat om gemakliker te raak met 'n Engelse geestelike gesprek. Lidmate het begin om die Bybel in Engels te lees, net om hul woordeskat en hul vermoë om die Bybel aan te haal, te verbeter. Nou het ons al baie groter vrymoedigheid.

Is daar xenofobie te bespeur in Sentraal. Nee, sê Gillie, hoewel blankes opvallend vreesagtig is oor die demografiese skuiwe in die gebied.

Is dit alles die moeite werd? O ja, sê Gillie. In die dae toe ons 'n goeie gemeente wou wees, maar net vir ons lidmate, toe ons net hulle geëvangelseer het, het niks ooit regtig verander nie. Nou is ons self geestelik vernuwe. Ons is vol energie, beleef opwinding, en het hoop!

Ek skryf ook 'n berig vir Kerkbode, die amptelike koerant van die NG Kerk, wat in die uitgawe van 19 September 2008 verskyn:

### **Nigeriërs blaas nuwe lewe in middestad-gemeente**

"Ons was vir baie jare 'n gemeente wat ons eie lidmate intensief bedien en die kerklosses onder hulle geëvangelseer het. Ons het die tug streng toegepas en die Woord suiwer verkondig. Ons was 'n goeie gemeente, maar 'n gemeente sonder vreugde en lewenskrag." Só vertel ds Gillie Noeth van 'n klein Port Elizabethse middestad-gemeente, PE-Sentraal.

Vir baie lank het PE-Sentraal geweet die gemeente moet uitreik na die nuwe mense wat weens demografiese skuiwe in hul gemeenskap kom woon het. Dit sluit groot getalle Nigeriërs, Ghanese en Somaliërs in. Baie van hierdie mense is betrokke by dwelmhandel en ander vorme van misdaad. Daar is ook baie dwelmgebruikers en prostitusie aan Sentraal aan die gang.

"Uiteindelik het ons ingegee voor ons roeping", glimlag Gillie, "en met Bybelverspreiding onder veral Nigeriërs begin". Ingegee is omtrent die regte woord, want die gemeente is geleë in 'n stiller deel van die sentrale stadsgebied en sou haar konteks nog lank kon ignoreer - voortgaan om 'n goeie gemeente vir bestaande lidmate te wees.

PE-Sentraal stel vir 'n paar jaar reeds hul kerksaal tot beskikking van 'n Ghanese pastor, Robert Bagna, wat 'n goed-begronde bediening onder Ghanese en Nigeriërs op die been gebring het. Verhoudinge met die buitelanders in die omgewing het begin groei. Die uitreik na die gemeenskap was 'n logiese volgende stap wat hulle net nie meer kon ignoreer nie.

Toe nooi hulle die hele gemeenskap - uitlanders, swart studente, almal wat wil kom - in vennootskap met die Ghanese pastor, Robert Bagna, na 'n vertoning van *The Cross and the Switchblade* in hul kerkgebou. Daardie aand kom 9 Nigeriërs tot bekering. Almal was verheug, en die beplanning was goed gedoen: alle bekeerlinge sou by die Ghanese gemeente inskakel.

“Vier van die Nigeriërs wou nie saamwerk nie”, vertel Gillie skertsend. “Tot ons verbasing dring hulle daarop aan om NG Kerk toe te bly kom. Ons moes noodgedwonge eredienste vir hulle begin tolk”.

Intussen gaan die Bybelverspreiding voort. Een van die vier bekeerlinge, Christian, blyk 'n ywerige Bybelstudent en natuurlike leier te wees. By bied in die week op 'n ander perseel Bybelstudie aan, neem deel aan die Bybelverspreiding en ontpop in 'n egte dissipelmaker. Sedertdien het die getal Nigeriese bekeerlinge toegeneem en woon 'n groter-wordende groepie die NG eredienste by.

PE-Sentraal, die Ghanese gemeente en lede van die gemeenskap het sedertdien 'n Alpha-kursus in Sentraal gehou, met groot seën. “Nou dat ons multikultureel werk, is ons gemeente gevul met energie. Ek wil nooit weer teruggaan na soos dit was nie”, se Gillie Noeth.

Betekén dit dat daar geen probleme is nie? Natuurlik nie: daar is lidmate wat nie hou van die tolkery nie. Sommige wantrou die Nigeriërs en wonder of hulle motiewe suiwer is. Die noodwendige gebruik van Engels - die Skriflesing tydens eredienste word eers in Engels en dan in Afrikaans gedoen - ontlok gevoelens van kulturele bedreigtheid by lidmate. Lede van die wyer gemeenskap is gekant teen die uitlanders wat die kerksaal gebruik en oefen konstant druk op die gemeente uit om die Ghanese dienste stop te sit. Gevolg het PE-Sentraal ook al lidmate verloor.

Sal die gemeente omdraai na die ou paaie? Ek luister na Gillie terwyl hy vertel van die geweldige geestelike honger onder die nuwe inwoners van Sentraal. Mense maak hulle deure onbevrees oop vir die “Boere” en is só oop vir geestelike gesprekke. Die oes staan ryp op die lande!

Op 20 November 2009 kondig OosKaap eNuus aan:

#### **Geskiedkundige Sondag in die lewe van PE-Sentraal**

Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi na 'n geskiedkundige dag in die 85-jarige bestaan van die NG Kerk PE Sentraal. Tydens hierdie geleentheid sal 1 Nigeriër, 3 Zoeloes en 1 Tswana gedoop word en belydenis van geloof aflê om sodoende volwaardige lidmate van die NG Kerk PE-Sentraal te word. Die geleentheid vorm deel van 'n dankseggingsdiens en vind plaas op Sondagoggend, 6 Desember om 9h30 vm.

#### **5. ROBERT BAGNA**

Pastoor Robert Bagna, uit Ghana, is 'n besondere mens. Ek het 'n artikel vir Kruisgewys (die NG Kerk se tydskrif vir predikante) oor hom geskryf. Die uitgawe het oorhoofs oor rassisme gehandel. Ek heg dié hele Kruisgewys aan.

#### **6. EEN ENGELSE EREDIENS**

Die strategie om tydens erediens te tolk het nie volhoubaar blyk te wees nie. Die gemeente het gevolglik begin om eredienste in Engels aan te bied.

Hierdie optrede het talle Afrikaanssprekende, blanke lidmate vervreem. Die leierskap was nie oop vir kritiek op die nuwe gebruik nie, en het besluit om met Engels deur te druk. Verskeie lidmate het vertrek en lidmaatskap by ander, Afrikaanssprekende NG Gemeentes aanvaar.

Hiermee het die finansiële posisie van die ekonomies reeds marginale gemeente onder geweldige druk gekom.

In dieselfde tyd het die gemeente by Xhosa-sprekendes verneem dat die Afrikaanse naam, NG Kerk PE-Sentraal, die kerk persepsie van 'n ontoeganklike kerk vir die breër gemeenskap skep. Nadat die gemeente gekonsulteer is, is die naam *Anchor of Hope* gekies.

## **7. MOEË LEIERS**

Reeds uit die kerkvisitasieverslag van 2008 blyk dat die gemeente se leiers moeg is. Die worsteling om finansiël te oorleef, en die insette wat multi-kulturele bediening stel, put leiers uit. Omdat die werkkragte min is (bv. lidmate wat leierskap kan neem) word geweldige druk op lidmate geplaas.

In 2013 het die skriba / sekretaresse van die gemeente bedank omdat haar eggenoot gevoel het ter wille van hul eie geestelike groei moet hulle liewers by 'n ander gemeente inskakel. Dit het ook al met kerkraadslede gebeur, asook die gemeente se voorsitter van die finansiële en administrasiekommissie.

## **8. 'N NUWE PASTOR**

Robert Bagna het Port Elizabeth 'n paar jaar gelede verlaat vanweë probleme met sy visum.

Sy rol in die gemeente se bediening is oorgeneem deur pastor Prosper Funkwa, 'n Frans- en Engelssprekende pastor uit die Kongo. Hy het ten volle ingeskakel by die NG Kerk, 'n NG lidmaat geword, en bedien as leke-prediker binne Anchor of Hope. Hy is 'n passievolle man, en het 'n bediening sterk gerig op evangelisasie van plaaslike swart mense en die ondersteuning van immigrante.

Ander sterk swart leiers is Christian en Vasco.

Waar die swart bediening in Bagna se tyd apart in die kerksaal plaasgevind het, en Bagna prakties sy eie gemeente gehad het, skakel Prosper in by die nuwe geïntegreerde benadering met een multikulturele erediens.

## **9. ANCHOR OF HOPE COMMUNITY SERVICES**

Die Ring van Port Elizabeth is aangegryp deur die verbeeldingryke bediening, en het besluit om 'n gemeenskapskool as onderdeel van die gemeente te bedryf.

Die doel word as volg beskryf:

Om as gemeentes van die Ring van PE die Woord van die Here te bring aan die multikulturele gemeenskap in Sentraal / Richmond Hill en omgewing deur gasvryheid te bewys aan die vreemdelinge (mense van ander tale, rasse, kulture en herkoms) deur hul in te nooi in die huisgesin van God / familie van Christus; die minderbevoorregtes te ondersteun met praktiese lewens- en tegniese vaardighede, opleiding en

ondersteuningsdienste wat hul beter sal toerus om in hul eie basiese behoeftes en lewensmiddele te voorsien; en om gemarginaliseerdes te help om hul potensiaal in Christus te ontdek.

Die projek is reeds van stapel gestuur fokus op die volgende:

- Geletterdheidsklasse en ondersteuning skoling te verbeter
- Engelse Klasse aan anderstalige vreemdelinge
- Rekenaarklasse
- Praktiese hulp bv. opstel van CVs, voorbereiding vir, onderhoude, ens.
- Inrigting van 'n gemeenskapsentrum (fotostate, fakse, internet dienste)
- Lewensvaardighede bv. Fokusgroep besprekings met leerders om uit te vind hoe hul finansiële oorleef
- Hulp met die verkryging van motorbestuurslisensies

Weens die tekort aan voldoende leiers in die gemeente, het verskeie lidmate van ander gemeentes by dié projek betrokke geraak.

Ek heg twee koerantberigte aan wat van hierdie stories vertel.

## 10. UITDAGINGS

Die uitdagings waarmee Anchor of Hope tans worstel, soos verwoord deur Gillie Noeth in 'n gesprek op 18 Desember 2013, is:

- Die gemeente is klein.
- Die gemeente bestaan vir 50% uit blanke Afrikaners, met 30% swart immigrante en 20% SA-swartmense. Dit is dus 'n diverse groep wat deur 'n diverse leierskap gelei word.
- Eredienste is 'n geweldige uitdaging, spesifiek sang en musiek. Terwyl die blanke leierskap die musiekbediening as 'n geleentheid sien vir die gemeente om die Here te loof en prys, wil die swart leierskap sang en musiek hê wat "oorverdoewend" hard is. Dit is 'n kulturele kwessie.
- Die vind van nuwe leiers en dissipelskap-prosesse wat hierdie leiers na vore bring.
- Finansiële tekorte bedreig die oorlewing van die gemeente.